

REPLIEK DEUR PROF. BEN LIEBENBERG, DEPARTEMENT GESKIEDENIS, UNISA

Professor Van Jaarsveld gee in sy referaat 'n vooruitskatting van wat met die onderrig van geskiedenis in die nuwe Suid-Afrika gaan gebeur. Hy sê die huidige blank-sentriese geskiedenis gaan plek maak vir 'n swart-sentriese geskiedenis. Hy sê die verlede gaan gedemoniseer word in die sin dat 'n anti-Afrikaner element in die nuwe swart-sentriese geskiedenis ingebou gaan word en dat apartheidsleiers soos duiwels of demone uitgebeeld gaan word. Hy sê dat daar uit Mandela en De Klerk se versoeke, dat die verlede vergeet moet word en dat daar met 'n skoonveegde lei begin moet word, afgelei kan word dat slegs die geskiedenis oor die totstandkoming van die nuwe Suid-Afrika op skool toegelaat sal word. Hy sê dat daar weinig in die nuwe Suid-Afrika geleer gaan word oor Nederlandse en Britse goewerneurs of oor Voortrekker- en Republikeinse leiers. Hy sê (en ek haal hom aan): "Wanneer basies 'n swart-sentriese geskiedenis op skool aangebied gaan word, kan dit vir die blankes ook 'n geskiedenis sonder verlede meebring, dit wil sê 'n Suid-Afrikaanse geskiedenis sonder agtergrond, fondament of universele perspektiewe in wêreldverband, wat hulle herkoms, wording en ervaring in die duister gaan laat - 'n ondergangsverlede".

Daar sit 'n element van waarheid in veel wat prof. Van Jaarsveld sê, maar ek dink die beeld wat hy skilder is te somber, te donker, te pessimisties.

Neem byvoorbeeld die bewering dat 'n swartsentriese geskiedenis in die plek van die huidige wit-sentriese geskiedenis gaan kom. Dat daar 'n klemverskuiwing gaan kom, is seker, maar dit wil nog nie sê dat dit 'n heeltemal swart-sentriese geskiedenis gaan wees met geen plek vir die blankes nie. My vermoede is dat dit minder swart-sentries gaan wees as wat die bestaande geskiedenis blank-sentries is. Waarom sê ek dit?

Eerstens omdat die ANC nie met dieselfde nasionalisme, rassisme en eksklusiwiteit vervul is as wat die Nasionale Party in die jare 1933-1990 vervul was nie. Dit is wanneer ideologieë soos nasionalisme (met sy vyandigheid teenoor ander volke), rassisme (met sy vyandigheid teenoor ander rasse) en kommunisme (met sy vyandigheid teenoor ander klasse) op die spits gedryf word, dat geskiedenis die ergste verdraai en misbruik word. Dit is wat in Nazi-Duitsland, Sowjet-Rusland en ook Suid-Afrika gebeur het. Ek glo dus nie dat die onderrig van geskiedenis op skool in die nuwe Suid-Afrika meer eensydig en meer propagandisties gaan wees as in die ou Suid-Afrika nie.

Daar is ook 'n tweede rede waarom die geskiedenis in die nuwe Suid-Afrika nie so swart-sentries kan wees as wat prof. Van Jaarsveld verwag nie. Dit het te make met die feit dat die blankes die afgelope drie eeue oor Suid-Afrika geregeer het. Diegene wat geregeer het, diegene wat die mag in die hande gehad het, het die loop van sake bepaal. Dit is eenvoudig onmoontlik om

hulle te ignoreer, net soos wat dit onmoontlik is om Stalin in die Russiese geskiedenis en Hitler in die Duitse geskiedenis te ignoreer. Dit is moontlik om die blankes as onderdrukkers voor te stel, maar geen swart-sentriese geskiedenis kan hulle ignoreer nie. Selfs 'n swart-sentriese geskiedenis het dus sy perke.

Daar is nog 'n punt waarom ek nie heeltemal met prof. Van Jaarsveld saamstem nie. Dit is sy vertolking van Mandela en De Klerk se woorde dat mense die verlede moet vergeet. Prof. Van Jaarsveld vertolk Mandela en De Klerk se woorde in 'n letterlike sin, naamlik dat die verlede vergeet moet word en dat daar net die wordingsgeskiedenis van die nuwe Suid-Afrika op skool aan kinders geleer moet word. Ons weet egter dat die verlede nie vergeet, uitgewis of geïgnoreer kan word nie. Dit is onmoontlik.

Mandela en De Klerk kan nie so dom wees dat hulle dit nie weet nie. Wat hulle bedoel het met hulle

uitsprake is dat ons nie nou of in die toekoms moet probeer wraak neem oor onreg wat in die verlede gepleeg is nie. Dit is wat Mandela bedoel het toe hy op alle Suid-Afrikaners 'n beroep gedoen het "to forget the past, to concentrate on building the future and let bygones be bygones". Dit is wat De Klerk bedoel het toe hy gesê het "we need to turn our back on the past, clean the slate and remove retribution from our political vocabulary ... We need to forgive and we need to start afresh". Ek dink prof. Van Jaarsveld hoef dus nie bekommerd te wees dat ons geskiedenis voortaan by 1990 sal begin nie. Dit is nie wat Mandela en De Klerk bedoel het nie.

As 'n mens De Klerk se woorde vertolk soos hy dit bedoel het, verval prof. Van Jaarsveld se beskuldiging dat De Klerk hom skuldig maak aan "intellektuele verwarring" wanneer hy by 'n ander geleentheid verklaar dat elke volk geregtig is om sy geskiedenis met trots in ere te hou.

HISTORY IN ACTION

J.F.O. (Jef) McAllister, TIME'S US State Department correspondent has a doctorate in History. A summa cum laude graduate of Yale where he specialised in American diplomatic history, he went to Manila as a Luce scholar and to London as a Marshal scholar, earning a Ph.D. in history and writing the memoirs of U. Alexis Johnson. After obtaining an additional law degree from Yale and some years in law practice he started with journalism acting as a TIME stringer before joining the fulltime staff.

One of his responsibilities is to accompany American Secretaries of State on their shuttle diplomacy. In this process he has logged more frequent-flyer distance for TIME than any other journalist. The staff of the journal relies on him for every crisis around the world that needs a Washington angle.

The queries pour in from the New York office all week long: What is the Administration's point of view on Peru? How much foreign aid does the US give El Salvador? Did Italy pressure the US to curtail prosecution of the B.N.L. banking scandal? "I seldom know the answer immediately", say McAllister. "But I know whom to call. My computer Rolodex has ... let me see ... 857 entries".

Source: Time, 22.11.1993, p. 4.
